

Dinsdag 21 Junie

Skrifgedeelte: Johannes 15:1-8

Fokusgedeelte: Johannes 15:4

Om in Jesus te bly, en Hy in my

In die Boland was daar party dae omtrent nie kinders in die skool nie. En as die onderwyser vra waar die kinders dan is, antwoord hulle vriende: “Hulle draai stokkies, Juffrou.” Dit het beteken die kinders is in die wingerde besig om lootjies van een kultivar op die stok van ’n ander kultivar met sterk wortels in die entgleufie teen die stam in te skuif en die lootjies met lappies vas te draai.

So, kan ons sê, is óns deur ons wedergeboorte (vgl. Joh. 3:3-6) in Jesus Christus ingeskuif en vasgedraai sodat ons in sy wortels vasgroeï en uit Hom vrug dra.

Jesus beveel in Johannes 15:4 ons moet sorg dat ons in Jesus vasgegroeï bly, en dat sy lewenssap deur ons lewe opstoot. Wat doen mens om die opdrag na te kom? Kyk wat sê Johannes in sy eerste brief hieroor:

- Omhels Jesus met jou *geloofsarms*, en hou vas (vgl. 1 Joh. 5:1).
- Moenie in *sonde* vassit nie (vgl. 1 Joh. 3:5).
- Volg Jesus – dra vrugte wat wys dat jy *lewe soos Jesus* gelewe het (vgl. 1 Joh. 2:5-6).
- Wees veral bewus van die sentrale plek waar God *liefde* in sy hart hou (vgl. 1 Joh. 4:16). Hieroor dink ons verder in môre se dagstukkies.
- Wees voortdurend bewus van die *Gees* in jou (vgl. 1 Joh. 2:27; 4:13).

Wie so in Jesus lewe, lei God om nog meer vrugte te dra. Daar is egter ook mense wat sê dat hulle in Jesus geënt is, maar hulle vrugte wys nie dat Jesus se lewenssap in hulle lewe opstoot nie. Een kommentator sê hierdie mense is toeskouers in die kerk. Hulle is dáár, maar hulle lewe nie Jesus nie. Hulle sit en kyk hoe ander mense Jesus volg. Sulke lote sny God self af.

Ons Christene is om ’n rede na Christus vernoem (HK v/a 32). Ons bly Hom leef, want Hy is in ons.

Sing: Skrifberyming 20-2:1, 7

Ds. JP Fleischmann (Johan) (Kaapstad)